DEEL 114 | WEEK 33 | 19 AUGUSTUS 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

OP BLADSY 2



Troubling questions of bridge project remains while there is still no activity on the site and due for completion in the month of September.

OP BLADSY 3




Staatsveearts waarsku oor bek-en-klouseer en is daar tans 116 voorvalle van bek-en-klouseeruitbrekings wat 'n verbod op die verskuiwing van vee in laat stel.

OP BLADSY 4



Bronnies vier vrouedag só. Elke ma en dogter was getooi in hulle mooiste uitrustings. Die dag het gesorg vir die mooiste herinneringe.




# Riemland moontlik geskik vir windplase



Boereverenigings is 'n bron van onskatbare inligting vir sy lede en dit is weer bevestig tydens Vegkop Boerevereniging se onlangse vergadering. Hennie Barnard (regs) konsultant van Red Cap Energy het gesels oor die moontlikheid van windplase in dié omgewing. Dr Jan Fouché (links) staatsveearts op Heilbron se aanbieding oor Bek-en-Klouseer het boere se wenkbroue laat lig oor hoe ernstig die siektetoestand is en ook beklemtoon dat dit baie vinnig kan versprei as die regte maatreëls nie in plek is nie. Tsaats Hattingh (middel) voorsitter van Vegkop BV het die vergadering gelei. – sien berig oor Bek-en-Klouseer op bl 3.

Die distrikte van Heilbron, Edenville, Steynsrus en Petrus Steyn is geïdentifiseer vir potensiële windplase in die Vrystaat en is goeie nuus vir boere in die geweste. Hennie Barnard van Red Cap Energy was die gas van Vegkop Boerevereniging tydens hulle kwartaallikse vergadering verlede Donderdag.

Hoekom Vrystaat?

Barnard het verduidelik dat die Noord- en Oos-Kaap se kapasiteit byna vol is en dat kraglyne in die Vrystaat en veral die omgewing ideaal is vir die doel. 'n Windkrag tribune het net sowat 24km/h wind nodig en dat dié omgewing beskou word as 'n medium windarea. Elke tribune het die vermoë om 7 MW krag op te wek en het 'n hoogte van 140m.

Die maatskappy is in 2009 gestig en is 'n leier in die Suid-Afrikaanse hernubare energiebedryf. Red Cap Energy bou sterk bande met grondeienaars, want dit is 'n langtermyn-verhouding. Die ontwikkelingsfase van so 'n projek duur drie tot ses jaar, gevolg deur sowat twee jaar van oprigting en uiteindelik 'n bedryfstydperk van 20 jaar.

Die boer verhuur sowat 120m x 50m per turbine van sy grond en kan steeds tussen die windlaaiers boer. In ruil daarvoor betaal Red Cap Energy 'n vaste persentasie bo bedryfstandaard van die inkomste van elke windlaaier op die plaas vir die volle 20 of meer jaar wat die windplaas in werking is.

"Ons betaal ook boere 'n vaste bedrag per windlaaier in die oprigtingstyd van twee jaar, want dit is die tydperk met die grootste ontwrigting vir hul boerderybedrywighede." sê Barnard. Wat gebeur wanneer die 20-jaar-kontrak verstryk? Die voorwaardes van die omgewingsmagtigings vereis dat die windplaas die laaiers verwyder en die fondasies met bogrond bedek sodat boerderybedrywighede kan voortgaan.

"'n Verdere 20-jaar-huurkontrak is egter moontlik," volgens Barnard. Vir Boere in die Kouga-distrik waar windplase reeds gevestig is, het die gewaarborgde jaarlikse annuïteit van die windplaas hulle in staat gestel om bykomende finansiering in die vorm van 'n kommersiële landboulening van die bank te kry om in sy plaas te belê.

Die voorbeeld van hoe Red Cap Energy saam met die boeregemeenskap werk, is die maatskappy se baanbreker ooreenkoms met die departement van paaie. Hierdie ooreenkoms het gesorg vir private finansiering om as deel van bestaande openbare padinstandhoudingskontrakte gebruik te word.

Twee Red Cap Energy-projekte wat uitstaan, is die Koega en Gibsonbaai-windplaas. Koega kan sowat 300 GWh skoon elektriese energie per jaar opwek. Dit is gelykstaande aan die jaarlikse verbruik van 50 000 huishoudings.

Gibsonbaai kan sowat 420 GWh per jaar opwek. Dit is gelyk aan die jaarlikse verbruiksbehoeftes van sowat 131 000 Suid-Afrikaanse huishoudings en keer die vrystelling





# *Uit die pen:* Week 33 van 2022

Mens leer regtig interessante mense ken wanneer jy in die onderwyssektor werk. Eintlik in enige werksplek. Mense van verskillende kulture, herkoms, taal, ras, en natuurlik verskillende werksetiek.

En sommiges skiet ver tekort in laasgenoemde.

Ek gaan na ’n klein skool in ’n nog kleiner dorp. Daar is letterlik ’n koöperasiewinkeltjie, twee graansilos, poskantoor, kleinerige polisiestasie, ’n majestieuse kerkgebou, ’n paar huise en stofstrate.

Die skool is net om die draai van die kerk. Die meneer wat ek moet sien, is nêrens te vinde nie. Sy klas hardloop rond op die sokkerveld en ander is besig om hulle jêmtoebroodjies te eet.

Ek stap na die kantoor toe: Waar is die meneer, wil ek weet.

“Waar hy altyd is. Hy lê onder die boom by die hek.”

Hoekom, wil ek weet?

“Want hy tree oor twee jaar af.”

Hoe, dink ek, is dit die rede waarom hy onder die boom lê, vra ek.

“Want hy lê vanaf die begin van die jaar onder die boom. En niemand kan hom oortuig om klas toe te gaan nie.”

En die skoolhoof?

“Selfs nie die skoolhoof nie.”

So: hoe oud is hierdie meneer?

“Hy is 53. Hy gaan op 55 aftree en rus.”

Gits, dink ek. As jy iedergeval die hele tyd rus, hoe gaan jy nog rus oorhê om later verder te rus?

But I rest my case, your honour.

’n Ander skool se skoolwapen is so gelerig. Net om dit in perspektief te stel: wanneer jy by ’n skool aankom, is dit net goeie maniere om vir die sekretaresse (wat die skool met ’n ysterhand regeer) te vra of jy die skoolhoof kan groet.

Die skoolhoof kom uit haar kantoor om my te groet. Sy is ’n wasige geel kleur: geel bloes, geel romp en geel skoene. Sy nooi my in haar kantoor in. Ek dog ek stap ’n vreemde wêreld binne.

Dit lyk asof Donald Duck naar geword het: alles is geel. Goudgeel. Het ek al gesê dat alles geel was? Die tafeldoek oor haar tafel, ’n vuilerige geel matjie, geel lêers, ’n paar geel-oranje Bic penne, geel plastiekblomme in ’n geel blompot. Die arme skoolhoof verdwyn tussen die res van die geel goeters. Al rede hoekom ek weet waar presies sy is, is om te luister waar die stem vandaankom. Ek gaan summier my een geel T-hemp wegsmyt wanneer ek by die huis kom, neem ek my voor.

By ’n ander skool is ’n juffrou wat nie van werk hou nie. Ter verdediging: sy lê nie onder ‘n boom nie en sy dra nie geel nie. Maar dis ook die enigste verdediging wat sy het, your honour.

Sy merk nie vraestelle nie. Gee niks terug wat die leerders gedoen het nie. Sy is agter met die sillabus. Sy woon nie vergaderings by nie en weet nie hoe om e-posse te ontvang nie.

Ek vra toestemming om haar te laat roep.

Sy kom met die trappe afgesweef: ’n prentjie in pers. Pers hoed, rok, skoene en handsak. Daar is iets wat lyk soos regte outydse nerts, in pers nogal, om haar skouers gedrapeer.

Ek wonder hoe haar slaapklere lyk? Seker in poeierblou chiffon met poeierblou vere aan die onderkant en om die nek. Ek begin by voorbaat nies.

Ek verduidelik dat sy nie e-posse kan lees nie. Hoekom nie, juffrou? Want haar man is dood. Ek is jammer om dit te hoor, maar wat het jou man daarmee te doen? Sy sê dat hy altyd haar e-posse vir haar gelees het. Ek vra: Jy bedoel seker dat jy dit self gelees het, dat hy dit net ontvang het?

Nee, hy het alles vir haar voorgelees. Gewoonlik Saterdagoggende.

Dus het jy net op ’n Saterdagoggend die e-posinligting ontvang? Ja, natuurlik.

Sy verstaan nie hoekom ek verbaas is nie.

Ek verduidelik wat sy verkeerd gedoen het, en vra om oor twee weke weer aan my te rapporteer. By my kantoor, want ons het mos die karprobleem, onthou julle?

Twee weke daarna sweef sy my kantoor binne: min of meer in dieselfde uitrusting, maar hierdie keer in sagte pienk. Sy kan steeds nie e-posse lees nie, maar sy het darem al ’n toets of twee gemerk.

“Juffrou, jy moet weet: ek gaan ook jou hang soos ’n slegte maselsaanval.” Sy knik, maar ek kan sien dat sy glad nie verstaan wat ek bedoel het nie.

I rest my case, your honour.

Dan was daar juffrou X. Wat elke periode plegtig met ’n redelike lang gebed begin het. Waarmee daar seker niks fout was nie, behalwe dat sy aan die einde van die gebed net 10 minute van die periode oor was om klas te gee.

Ek kry ook haar vraestelle om te modereer, en vind dat sy nie naastenby die memorandum volg nie. Ek teken dit ook so aan op my verslag wat ek na die skool toe stuur.

Een mooi oggend roep my baas my in: daar is ’n klagte wat juffrou X teen my gelê het. Ek is bevooroordeeld, rassisties, chauvinisties, en nog so paar name wat sy byvoeg. Goed, as ek nou so simpel is, laat my kollega haar moderering doen.

Uiteindelik kom my kollega se verslag: presies dieselfde. (Elke wedstryd het mos drie kaarte: ’n geelkaart, ’n rooikaart en die raskaart). Die hele entourage vertrek na die skool toe.

Verrassing: juffrou X het die skool gebel en gerapporteer dat sy baie siek is en ongelukkig nie vandag skool toe kan kom nie. Die skoolhoof het net sy kop geskud en ons meer van juffrou X begin vertel.

Hy sluit af met die volgende: “Julle dink julle kan juffrou X verander, maar julle sukkel verniet. Sy het dan vir die magistraat in die hof ook geskree, en sy het nie eers vir die magistraat geluister nie. Ek dink julle moet maar ophou, sy gaan ook nie vir julle luister nie.”

Op daardie noot pak ons toe al ons klere en gewere en ry terug kantoor toe.

En wal waaraan ek kon dink, was: I pack my case, your honour.

Letterlik.

# POLISIE VIER VROUEDAG





*On the 16th of August, Sgt Sibongule Molapisi from the Heilbron Social Crime prevention unit held a Woman Empowerment session at the Police station. This informative session was given by women in power of agriculture for women working in agriculture. Me Molapisi and her colleagues also touched on different subjects such as Social Development, gender-based violence and domestic violence.*
*In the photo: Front row. Pulane Mosia, Christina Maloke, Anne Molapisi, Masesi Khanye and Josephine Tsuke.*
*Back row. Sgt Sibongile Molapisi, Const Dimakatso Serati and Const Dijeng Dikhole.*




# BRIDGE PROJECT:

## *Troubling questions remain*

Troubling questions around a R30 million municipal contract in Heilbron remain a week after DA Councillor Robert Ferendale raised these in Herald (Herald, 12 August). Cllr Saal de Jager, a Parys businessman, has now told Herald that he had asked similar questions earlier in the appropriate standing committee. He was supported by other councillors, “but nothing came of it.”

This week there was again no activity on site, although all work was supposed to be completed next month.

Herald reported last week that a new pedestrian bridge was supposedly being built between Sandersville and Section S. Work apparently started in February and is due for completion in September.

“But it is still only 15% completed, and for over two weeks, including today, I found no workers on site,” Cllr Ferendale told Herald yesterday morning.

This despite an additional R7.6m, which Ngwathe’s new council approved last December. This increased the total contract cost to R30m.

The additional money was for a paved access road to the bridge. Nothing has been happening on site, Ferendale claims.

Cllrs Ferendale and De Jager yesterday formally asked that their “troubling questions“ be added to the agenda of the next Infrastructure Committee meeting or, failing that, to MPAC, the council committee that investigates municipal irregularities.

# STAATSVEEARTS WAARSKU OOR BEK-EN-KLOUSEER

'n Tweede kwarantyngebied is afgekondig in die Vrystaat nadat nog 'n geval van bek-en- klouseer naby Lindley verlede week bevestig is. Tot dusver is gevalle op 13 plase tussen Marquard en Senekal bevestig. "Die boer van Lindley, by wie se beeste die siekte gediagnoseer is, het nie vee verskuif of aangekoop nie. Dit is kommerwekkend en wys hoe maklik die siekte versprei," sê dr Jan Bastiaan Fouché, staatsveearts van Heilbron, verlede Donderdag tydens Vegkop Boerevereniging se vergadering. Maandag het die prentjie weer verander met die aankondiging van ŉ drie weke verbod op die vervoer van beeste.



Daar is tans 116 voorvalle van bek-en-klouseeruitbrekings by voerkrale en op plase in KwaZulu-Natal, Limpopo, Noordwes, Gauteng, Mpumalanga en die Vrystaat en dít het die minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling laat besluit om 'n 21 dae lange verbod op die verskuiwing van beeste landwyd in te stel. Volgens die departement sal die verbod weekliks hersien word. Min. Thoko Didiza sê sy neem kennis van die pogings wat boere, gemeenskappe en die landboubedrywe aanwend om die onwettige verskuiwing van diere uit gebiede waar die hoogs aansteeklike dieresiekte voorkom, te stuit, sowel as van pogings om bioveiligheidsmaatreëls te verskerp.

"Nietemin versprei die siekte steeds met 15 nuwe eiendomme en nog twee provinsies wat net in die afgelope twee weke geraak is." Didiza sê ook sy besef watter groot ontwrigting die verbod in die normale verloop van sake vir talle sektors gaan veroorsaak. Om hierdie rede geld die verbod net vir beeste, hoewel alle gesplete hoefdiere die siekte kan versprei. Die bedryf word dus gewaarsku dat die verskuiwing van hierdie diere met groot waaksaamheid gedoen moet word. Die departement waarsku ook dat die oortreding van die verbod 'n strafregtelike misdaad is en ŉ uitsondering vir die verskuiwing van beeste slegs met 'n permit toegelaat sal word. Dit sluit in 'n permit vir die direkte slag van beeste by geregistreerde abattoirs, of die slag van beeste vir rituele. "'n Tydperk van 48 uur sal gegun word om toestemming te kry om beeste wat reeds by skoue, veilings of op pad na die republiek is, na hul finale bestemming te verskuif nadat dit verkoop is," sê Didiza. Die kantoor van die staatsveearts reik hierdie permitte uit.

Die verwagting is dat vee pryse hier op kort termyn laer sal wees omdat kopers ook versigtig is. Speenkalfpryse het reeds negatief gereageer. Die verbod op uitvoer van wol na China wat April 2022 deur China geïmplementeer is, is nog steeds van toepassing op die Suid Afrikaanse skeersel. Wolveilings het gedurende die vorige seisoen steeds voortgegaan ten spyte van groot volumes wol wat nie uitgevoer kon word nie. Hierdie volumes wol wat tans as voorraad gedra word, asook die groot onsekerheid rakende die opheffing van die verbod, plaas groot druk op die bedryf. Die verwagting is dat die persentasie verkoopte wol per veiling aansienlik laer sal wees.














# BRONNIES VIER VROUEDAG SÓ

Hoërskool Heilbron se grondslagfase het Vrydag 12 Augustus 'n heerlike ma- en dogterdag gehou ter viering van Vrouemaand.

Elke ma en dogter was getooi in hul mooiste uitrustings. Tafels was spesiaal deur die dogtertjies gedek en die saal was prentjiemooi opgemaak. Mari Myburg het 'n pragtige boodskap aan die ma's en dogters oorgedra oor krone, wat dit simboliseer asook krone wat in die Bybel gedra is. Elke ma en dogter het ook hul eie blommekransies gemaak en pragtige foto's saam geneem. Heerlike koeke is voorgesit wat deur die ouers gebak is. Bederfpakkies is ook uitgedeel. Die dag het gesorg vir die mooiste herinneringe wat vir altyd sal hou.












# BRONNIES SE TROTS



*Die volgende leerders van Hoërskool Heilbron, Marizaan Swanepoel, Lizelle Swanepoel en Madaleen de Beer het by die ASA se Vrystaat landloop kampioenskappe in Bloemfontein deelgeneem. Hulle het uitstekend gevaar in hulle ouderdomsgroepe.*




# HOKKIE BOKKIES SPEEL GELYKOP



*Die O/11B Hokkiespan van Hoërskool Heilbron het hulle 1ste hokkiewedstryd gespeel en gelykop teen Noorskool se O/11C geëindig.*

# HOËRSKOOL REITZ NUUS



*Pieter-Louw van der Merwe van Hoërskool Reitz het die naweek 'n 2de plek behaal by die TMED distrikkompetisie van die Departement van Onderwys se Skills Development.*



*Die volgende leerders van Hoërskool Reitz het aan die ATKV redenaars landwye uitdun gaan deelneem. Op die foto: Akhona Mabe - Graad 9, Quiriané Charilao - Graad 11, Patience Mokoena - Graad 12.*

# RYDERCUP OP HORISON

Nou is die regte tyd om jou swaai weer in orde te kry. Heilbron Gholfklub moet sy Rydercup wenstatus hierdie jaar op Frankfort einde September gaan verdedig. Die seisoene is besig om te draai en warmer dae is in vooruitsig. Die span wat Heilbron vanjaar gaan verteenwoordig sal in die volgende week bekend gemaak word.

Die "Jokerdraw" is van vanaand af weer in plek en sal die skommeling van die kaarte ook Vrydagaand in almal se teenwoordigheid gedoen word. Die eerste trekking sal na afloop van die skommeling plaasvind met die geldpot wat op R2 000 staan.

Die bokke rus nog na hulle afranseling deur die manne van die goue varing. Kom speel in die plaaslike kompetisie, daar sal soos gebruiklik ook vleispryse op die spel wees. Vir die wat nog nie hulle putjiespelkompetisie se uitspeelwedstryde gespeel het nie, raak die tyd nou min. Inskrywings is vanaf 11:00.

# ROLBAL IS LEKKER



*Op die foto vl: Wolter, Liaani en Leandri Bennink, TL de Waal, Tanya en Bennie Steenkamp.*

As 'n tydskrif of 'n koerant per ongeluk 'n fout maak word die drukkersduiwel blameer, ek sal maar ook die drukkersduiwel blameer.

Rolbal se Algemene Jaarvergadering vind plaas op 8 September om 17:30 vir 18:00 en NIE op 9 September soos verlede week berig nie.

Voordat die rolbalbaan kon sluit vir die jaarlikse instandhouding, het TL de Waal 'n paar belangstellendes op die baan byeengebring. Wolter Bennink met sy vrou Liaanie en dogter Leandri, was heel ingenome met die "afrigting". Nuwe rolbalspelers en belangstellendes is altyd welkom by die rolbalklub.

Bennie en Tanya Steenkamp is gereelde Woensdagaandspelers en die rolbalgogga het so lekker gebyt dat hulle besluit het om as volwaardige lede aan te sluit.

Soos reeds berig het die baan gesluit vir spel en is daar Maandag begin met die jaarlikse instandhouding.

Weens stygende kostes van produkte raak dit moeilik vir sport instansies om hulle fasiliteite in stand te hou en daarom is skenkings en donasies soos deur Eben Claassen van JCB van groot waarde vir die rolbalklub.

Onthou Besigheidsliga 2022 begin 29 September, maak seker die datum is op jou dagboek gemerk as baie belangrik.


Testosteroon
HAARVERLIES, VOORTYDIGE VEROUDERING, SENUWEEAGTIGHEID, SOUTDRANGE, IMPOTENSIE, VERGEETAGTIGHEID EN VELE ANDER SIMPTOME WORD DEUR TESTOSTEROONTEKORT VEROORSAAK
HIERDIE HOMOPATIESE MODELS KAN HELP.

KORTTERMYNVERSEKERING
Ons spesialiseer in:
• Kommersiële / Besigheidsversekering
• Persoonlike versekering
• Agri-versekering
• Vervoerkontrakteurs en Vragversekering
• Kontrakteurs en Toerusting
• Waarborge
• Berg- en resiesfiets versekering
• Reisversekering
SHORT TERM TRUST
BROKERS · MAKELAARS
016 931 2686 | 058 853 0071
Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer FSP 43384

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
Essentiale
R59.95 WAS R69.95 Essentiale Extreme 30 Capsules
Berocca Performance 30 Plus 20 Effervescent Tablets
R189.95 WAS R206.95
R169.95
PregOmega Plus
R269.95 WAS R289.95
PregOmega Plus 30 Day Pack
R249.95
063 721 4950 087 527 0723

VLEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
VLEISSENTRAAL
JJ HADEBESTRAAT 97 FRANKFORT (Langs Bright Dienste)

CAN del's
082 940 3183

ANTRIO
Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 22 AUGUSTUS 2022
VERKYKERSKOP Vetveeveiling
Kontak John Campher 072 202 0160
DINSDAG -23 AUGUSTUS 2022
VERKYKERSKOP Vetveeveiling
Kontak John Campher 072 202 0160
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
WOENSDAG - 24 AUGUSTUS 2022
KROONSTAD: NOORD-VRYSTAAT SAVM KLUB
11:00, Kroon Boma
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189
REITZ OOS Vetvee veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
DONDERDAG - 25 AUGUSTUS 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
VRYDAG - 26 AUGUSTUS 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za